NOVEMBER / DESEMBER 2019

*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord"* (Jer. 33:3)

# JAPANSENDING

**Geroep om te Dien**

## DIE KRAG VAN EEN BYBEL

'n Sjinees het getuig hoe hy 'n boek van 'n vreemdeling ontvang het. Hy het begin om hierdie boek te lees, maar het dit moeilik gevind om die boek te verstaan. Toe hy egter so twee derdes deur die boek gelees het, het dit begin interessant word. Die hoofkarakter in daardie deel van die boek was wonderlik en het sy aandag getrek. Sy naam was Jesus.

Hy het gesê hy het die vier evangelies 'n hele paar keer deurgelees, omdat hy dit so interessant gevind het, en het toe aangegaan en Handelinge begin lees. Die man het nog nooit van Jesus gehoor nie. Hy het nog nooit voorheen 'n gelowige ontmoet nie, nooit 'n Christelike lied of 'n preek gehoor nie. Tog het die Woord van God sy hart aangeraak!

Na 'n paar weke se lees het die man 'n eenvoudige gebed tot Jesus gebid en is vervul met 'n oorweldigende gevoel van vrede en vreugde. Hy het gesê dat dit vir hom gevoel het of Jesus letterlik in sy hart ingekom het.

Hierdie man was 'n regter met 'n hoë posisie in die distrikshof en was invloedryk in sy gemeenskap. Die vreugde en vrede wat hy ervaar het, was so fantasties dat hy nie kon stilbly nie. Hy het die evangelie gedeel met sy kollegas en vriende. Hy het selfs vir die beskuldigdes in die hof vertel van sy ondervinding met Jesus en het vir hulle dele uit die Bybel voorgelees.

Dit was nie lank nie voordat hy gearresteer is en vir 'n hele paar dae ondervra is. Hy is beveel om nie oor God in die hofsaal te praat nie en is verbied om sy godsdienstige ervarings met ander mense te deel. Sy ondervraers het hom aanhoudend gedreig en probeer om hom te oortuig om sy geloof te versaak, maar die regter het geweier. Nadat hy vier weke in detensie was, is hy vrygelaat en ontslaan uit sy pos as 'n regter.

Vandag is hierdie voormalige regter 'n private regsgeleerde en 'n lid van die huiskerk in Beijing. Hy is 'n ywerige dissipel, wat dikwels die evangelie deel met mense waarmee hy in aanraking kom.

Een Bybel van 'n anonieme persoon kan harte verander en baie bereik vir God se koninkryk.

Die volgende is die storie van Chen, 'n jong dominee wat verantwoordelik is vir sewe kerke in een van Sjina se grootste stede.

Chen is 'n lewende bewys van die krag van God se Woord. Hy en sy gesin wat baie arm was het grootgeword op die platteland van Sjina. Sy pa moes baie ver weggaan om te gaan werk, derhalwe het Chen, sy broer en jonger suster hom net 'n paar keer per jaar gesien. Toe Chen sy ma verloor het, was hy agt jaar oud en moes die drie kinders alleen bly en die meeste van die tyd na mekaar omsien.

Na die dood van sy moeder het Chen bitter geword en was gevul met woede. Op straat is hy gespot en erg mishandel. Na graad 7 het hy die skool verlaat en het hy 'n straatkind geword. Hy het 'n boelie geword en in ontelbare gevegte betrokke geraak.

Sy ouer broer aan die anderkant, het aangegaan met sy studies. Toe hy met universiteit begin het, het iemand hom 'n Nuwe Testament gegee, en later jare het dit 'n instrument geword wat Chen se lewe verander het.

Sy broer het gaan studeer in die VSA en daar het hy 'n soortgelyke Nuwe Testament ontvang. Hy het gedink dat dit sy jonger broer kon help, dus het hy hom aangemoedig om die een te vind wat hy jare tevore ontvang het.

Chen het dit uit 'n boks gegrawe wat vol ou skoolboeke was, en hy het gedink dit kan nie kwaad doen om hierdie boek waaroor sy broer so baie gepraat het, te lees nie. Hy het begin lees, maar min verstaan. Een nag, toe sy woede wou oorkook en gemaak het dat hy weer in 'n straatgeveg betrokke was, het hy die woorde wat hy gelees het, onthou. Dit was asof hy 'n stem gehoor het wat vir hom sê: ***"Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie. Waarom sien jy die splinter raak wat in jou broer se oog is, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie?"*** (Matt. 7:1, 3, NAV).

Daar was nie 'n geveg daardie nag nie. In plaas daarvan het Chen na sy eenvoudige en vuil blyplek, wat hy huis genoem het, gegaan en het die Nuwe Testament met hernude ywer begin lees.

Die woede en bitterheid het hom verlaat en vrede het sy hart oorgeneem. Hy het van Jesus gelees wat aan die kruis gesterf het en het Hom as sy Verlosser aangeneem.

Die wat hom geken het, het gou die verandering in hom agtergekom. Hy het begin om hulle te vertel van sy nuwe geloof en hulle het ook begin glo in Jesus. Hulle het begin bymekaarkom om te lees uit die Nuwe Testament en saam te bid. Hulle het kort daarna ander gelowiges ontmoet en agtergekom dat dieselfde ding oor die hele Sjina besig is om te gebeur.

Chen het duisende na die Here toe gelei. Die sewe kerke wat hy tans bedien, het ongeveer 100 lidmate elk. Baie met wie hy die Goeie Nuus gedeel het, het ook Christus aangeneem, en hulle het dit weer met ander gedeel – alles as gevolg van 'n enkele Nuwe Testament wat jare tevore aan sy broer gegee is. Die Woord van God is inderdaad kragtig!

'n Paar jaar gelede het 'n groep gelowiges die evangelie gebring na 'n area van die Jiangsuprovinsie van Sjina. Hulle was onverskrokke dienaars en mense het begin om Christus aan te neem.

Een persoon wat nie gelukkig was oor die situasie nie, was 'n bendeleier in die dorp. Een aand toe die evangeliste uitgegaan het op straat, het die bendeleier en sy manne opgedaag in hulle kar. Hy het sy wapen geneem, dit teen een van die evangeliste se kop gedruk en gesê: "As julle nie nou stop nie, gaan ons julle almal doodmaak!"

Die evangeliste was bang en het nie geweet wat om te doen nie. Na hulle 'n bietjie gepraat en gebid het, het hulle aangegaan met hulle bediening. Hulle was bang, maar het besluit om die Here te vertrou om hulle te beskerm.

Teen die einde van die week het hulle bymekaargekom in 'n huis om nuwe gelowiges te onderrig. Hulle het die nuwe gelowiges uitgedaag om die volgende dag terug te kom en 'n vriend saam te bring.

Party het dit wel gedoen, en daardie aand het verskeie mense Christus aangeneem. Een van hulle was 'n vrou wat later geblyk het die bendeleier se vrou was!

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO**
**IKOMA CITY, NARA KEN**
**630-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754**
**Faks: 0081-743731681**
**www.japanmission.org**
**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Posbus 30106**
**WONDERBOOMPOORT 0033**
**Tel: (012)377-1533**
**083 719 0227**
**Faks: (012)377-1533**
**sa@japanmission.org**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"**

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreiking
- Bejaardes Uitreiking
- Evangelisasie Byeenkomste
- Oudiovisuele Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Engelse Evangelisasie

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** **teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**▪ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**

**Dit sal 'n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**▪ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 2/8/2019, 3/8, 7/8, 8/8 Kempton park, 15/8, 16/8, 20/8, 20/8, 21/8, 22/8, 31/8, 3/9, 6/9, 20/9, 21/9, 26/9 Bybels vir Sjina, 30/9, 7/10, 10/10, 19/10.**

**ABSA BANK:- 1/9m 2/9 NLM, 7/9, 13/9, 16/9, 18/9, 26/9, 28/9 Bybels, 29/9, 1/10, 2/10 NLM, 2/10/2019.**

**▪ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. 'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of 'n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

*(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08*

Toe die evangeliste dit hoor, het hulle begin bekommerd raak. Hulle het meer as tevore begin bid vir die Here se beskerming. Dae het verbygegaan, terwyl niks gebeur het nie – tot een nag, toe daar 'n klop aan die deur gekom was waar die evangeliste gebly het.

Toe hulle die deur oopmaak, het hulle die bendeleier buite sien staan. "Wat het julle met my vrou gedoen?" het hy gevra. Die evangelis het nie geweet wat hy bedoel het nie.

"Sy het heeltemal verander," het hy aangegaan. "Sy het gewoonlik geskreeu en my altyd 'n moeilike tyd gegee. Nou is sy gaaf, liefdevol en wonderlik, en sy praat die hele tyd oor die man Jesus. Vertel my asseblief van hom."

Die evangeliste was geskok! Hulle het dreigemente en geweld verwag, maar verseker nie dit nie! Hulle het hom ingenooi en hom begin vertel van Jesus.

Die bendeleier het verskeie aande na hulle huis gekom om meer te hoor, en na 'n paar weke het hy die Here Jesus as sy Verlosser aangeneem.

Dit het 'n paar jaar gelede gebeur. Vandag is hierdie voormalige bendeleier 'n evangelis en pastoor! Hy het 160 kerke geplant en sy vrou, seuns en skoondogters, is aktief betrokke in die verkondiging van die evangelie en die plant van kerke.

'n Bybelkoerier het een van hierdie kerke wat op die platteland was, besoek. Daar was oor die 200 mense teenwoordig. Hy het 'n klompie Bybels saamgeneem, maar gehoor dat elke enkele gelowige in besit was van 'n ***bruinrooi*** Bybel wat gedruk is deur ***New Life Ministries***!

"Dit werk!' het die Bybelkoerier later berig. "Julle verspreidingsnetwerk werk!" Hy was so opgewonde om te sien dat die Bybels versprei is deur verskillende kanale na die gelowiges in Sjina en ook na hierdie kerk in so 'n afgeleë area.

Derhalwe is die Bybels wat hy gebring het, geneem na 'n ander plek waar daar 'n tekort aan voorraad was.

## *BRUINROOI BYBELS*

Japansending werk al vir baie dekades saam met *New Life Ministries* in Japan. Die assosiasie het ons gehelp om baie Bybels te voorsien wat baie goedkoop gedruk is.

New Life Ministries het 'n topgehalte drukpers gekoop met die uitsluitlike doel om Sjinese Bybels te druk. Hierdie Mitsubishi webvlakdrukpers druk 'n volle 1,000-bladsye Bybel elke 2.2 sekondes, en werk dikwels 24 uur per dag. Dit is 27 Bybels per minuut! Die koste van die druk van een Sjinese Bybel met 'n ***bruinrooi*** buiteblad is omtrent R30.

'n Bybelkoerier het vir die eerste keer 'n predikant op die platteland van Sjina gekontak. Hierdie predikant was 'n unieke persoon met 'n wydverspreide gemeente. Hy het vertel hoe hy altyd 'n Bybel aan nuwe bekeerlinge gegee het wanneer hy een gehad het, maar hulle het gewoonlik 'n ernstige tekort.

Toe hy gevra is waar hy die Bybels vandaan kry, het hy gesê, hy het 'n paar kontakte wat dit aan hom stuur. Hierdie kontakte ontvang dit van iemand anders, so hy weet nie regtig waar hulle vandaan kom nie.

Na hulle 'n rukkie gesels het, het die Bybelkoerier twee tasse vol Bybels gebring en voortgegaan om dit vir hom te gee. Toe hy die eerste tas oopmaak en die ***bruinrooi*** buiteblaaie sien, het hy uitgeroep: "Hierdie is dieselfde Bybels wat ons alreeds vir baie jare ontvang! Waar het jy hulle gekry?"

Die Bybelkoerier het hom toe vertel dat die Bybels in Japan gedruk word. Iemand het geld geskenk, dus kon hulle gedruk word en ander mense het hulle dan oor die grens geneem.

Die predikant se gesig het gestraal soos die son, terwyl trane in sy oë gekom het. "O, om te dink," het hy gesê, "dat ons broers en susters het wat ons nie eers ken nie, wat gee en werk om ons van Bybels te voorsien!" Hy het onmiddellik begin om God te prys en te dank vir al die Bybels wat hulle ontvang het oor die jare.

Ons prys die Here vir die hulpbronne wat Hy voorsien het om dit vir ons moontlik te maak om in die ernstige nood te voorsien. Die gereelde finansiële bydraes van baie het ons gehelp om hierdie kosbare geskenk te skenk aan ontelbare mense wat nie self 'n Bybel in die hande kan kry nie.

**Bid** vir wysheid en veiligheid vir hulle wat betrokke is in die druk, vervoer en verspreiding van hierdie Bybels.

▪ ***Mag HY vir u seën tydens hierdie Christusfees en vir u bewaar en gebruik in Sy diens gedurende die onbekende Nuwe Jaar. As 'n blyk van opregte waardering stuur ons graag aan u 'n kalender vir 2020.***

***Indien daar enige verandering moet aangebring word in u adres op die koevert waarin u die brief ontvang het, sal ons dit baie waardeer as u ons asseblief laat weet.***